

**25 Oktober**

**Romeine 12:1, 2**

***Kinders van God, maar nie diensbaar aan God nie***

Maar wat nou gemaak met louheid, onverskilligheid, biddeloosheid, dadeloosheid in die kerk? Watter verstellings of aanpassings moet in die kerk gemaak word om die sake aan te spreek? Daar is in werklikheid maar net een antwoord: Bekering! Iemand het gesê dat hierdie saak - dat in die kerk daar kinders van God is maar waarvan sommige tog so weinig diensbaar is, iets is wat ons nie sommer so in die "ry" kan regmaak nie. Ons het nodig om tot stilstand te kom en ons het nodig dat daar grondige hersiening moet kom, terugkeer tot die God van die Woord. Die kerk, dit wil sê die kinders van God, het nodig om op dié punt sy skuld voor God te bely en God se vergifnis en genade in Jesus Christus weer op te soek. Die kerk, die bruid van die Here Jesus, het nodig om die lewewekkende krag van die Heilige Gees op te soek. Dit is net Hy wat in dooie harte lewe kan wek, wat lam hande en slap gewrigte weer diensbaar kan maak, wat die dooie hout uitsny en lewende lote inent. Bekering in dié sin beteken nie dat ons vir die eerste keer tot geloof moet kom in die Here Jesus nie, maar dat ons moet wegdraai van ons eie dadeloosheid en ons voete moet plaas op die pad waarop ons Hom met oorgawe, ywer en vreugde kan dien. Dit is immers wat die Here vir sy kerk wil hê.

Sing: Skrifberyming 33:3 Ds. J.L. du Plooy (Potchefstroom-Noord)